# 'n Eeu se bitterheid

Dr. At van Wyk by die grafsteen van Hendrik Koch in die familiekerkhof op die plaas Driefontein by Volksrust, met dié woorde daarop: ``Dood geschoten door gen. C. Botha en zyn officieren".

Van links: 1. Mnr. Albert Schmidt by die grafsteen van Frederick Koch wat aan stukke lê op die plaas Uitgezocht van Koch se agterkleinseun, mnr. Jan du Toit, by Amersfoort. Dit lui: ``Onschuldig dood geschoten". 2. Die huis op die plaas Roodepoort by Volksrust waar Frederick Koch op sy voorstoep doodgeskiet is. Op die foto is mnr. Albert Schmidt, wat dr. At van Wyk gehelp het om op die spore van die destydse drama te loop. 3. Mnr. Koos van Niekerk (80) van Amersfoort was bevriend met Jan Brits, jonger broer van die Britsbroers wat tereggestel is.

**At van Wyk**

Dit was gister presies 100 jaar gelede dat 'n skietdrama hom afgespeel het tydens die Anglo-Boereoorlog wat nou nog bitterheid onder die nasate van die betrokkenes veroorsaak. At van Wyk het vir Beeld op die spore van die verlede gaan loop en op verskeie raaisels afgekom sommige waaroor die sluier ietwat gelig is en ander wat waarskynlik nooit opgelos sal word nie: soos hoekom 'n jong swart meisie in dieselfde koeëlreën gesterf het as 'n Boer wat glo sy mense verraai het.

Wie was verraaiers, dié wat ge skiet is of dié wat geskiet het?

Die antwoord lyk voor die hand liggend, maar ná 'n eeu gis dit opnuut in en om Amersfoort en Volksrust oor die skietdramas van 22 tot 26 Julie 1901 op plase tussen dié dorpe. Nasate van albei kampe beskuldig mekaar se voorsate van verraad, dowwe grafskrifte op verbrokkelde stene verdiep die mistiek, en bitterheid wurg weer boontoe.

Want die verhaal is pas weer oopgekrap in 'n boek deur die egpaar Gert en Erika van der Westhuizen van die plaas Roodedraai, Volksrust*.

Die verhaal kom oorspronklik uit die dagboek van Jan Leendert Moerdijk, 'n skoolinspekteur van Amersfoort en pa van die bekende argitek Gerard Moerdijk (Moerdyk).

Moerdijk sr. het op 22 Julie 1901 saam met veldkornet Lourens Badenhorst en 'n paar ander burgers van Wakkerstroom vertrek om tien verraaiers op die plaas Roodepoort van Frederick Koch buite Volksrust aan te keer. Halfpad daarheen het hy omgedraai. Het sy moed hom begewe?

Koch was leier van die verraaiers, met onder hom die Britsbroers Ockert, Piet, Gert en Cornelis (van Schurvepoort, Wakkerstroom), Markus Brits (nie familie van die Britsbroers nie), Koch se seun Hendrik, ene Bester, Lourens Joubert, en Petrus Oosthuizen se seun Gert.

Dis donker toe hulle op Roodepoort kom, waar Koch dreig om hulle te skiet. Hy skuil/dreig agter sy vrou, en toe hy agter haar uittree, skiet hulle hom dood. Die ander verraaiers hys 'n wit vlag, maar skiet toe die burgers nader kom, waarop dié hulle uitrook deur hooi op die solder aan die brand te steek 'n erge nagtoneel, met vroue en kinders bibberhuilend in die bitterste winter van die oorlog.

Die volgende oggend vat Badenhorst en sy groep hul gevangenes en 15 gebuite perde so 30, 40 km ver na Wessel en Sannie Groenewald se plaas Baltrasna by Amersfoort, waar hulle in 'n buitegeboutjie met 'n vuurherd aangehou word. (Sannie was 'n suster van die Britsbroers.)

Donderdagoggend, 25 Julie, word krygshof in die sitkamer van Baltrasna gehou. Genl. Chris Botha

(broer van genl. Louis Botha) is teenwoordig, maar nie lid van die hof nie, wat bestaan uit kmdt. Greyling van Wakkerstroom as voorsitter, Adriaan Badenhorst, Piet Badenhorst en Dirk Kemp, met landdros Bosman as aanklaer en luitenant Jordaan as regter. Gert Oosthuizen is staatsgetuie.

Die gevangenes word almal skuldig bevind aan hoogverraad omdat hulle die wapen teen hul eie mense opgeneem het. Vier kry die doodstraf: Ockert, Piet en Gert Brits en Frederick Koch se seun Hendrik (dalk ook 'n vyfde, Cornelis Brits, soos later sou blyk).

Die ander kry 20 tot 25 houe met 'n stiegriem. Die veroordeeldes moet hul eie graf gawe, 'n hanetree van die huis af.

Die doodsvonnis is dalk deels te wyte daaraan dat verraaiers die Britte gehelp het in 'n geveg op Amersfoort op 22 Mei. Kmdt. (Rooi) Josua Joubert van Wakkerstroom is in dié geveg gewond en later gevang en nog 'n burger, Hendrik Spaarwater, het op 24 Mei aan sy wonde gesterf.

Genl. Louis Botha het alle verraaiers voorheen skerp veroordeel as ``moordenaars van hun volk.'' Maar volgens oorlewering wou hy dié teregstelling stopsit toe hy die hofuitspraak verneem, want die Britsbroers was vroeër dapper vegters.

Sy opdrag is egter te laat ontvang.

Elfuur die oggend van 26 Julie word die vonnisse voltrek: eers die houe, toe die teregstelling. Die veroordeeldes verkies om ongeblinddoek te sterf en is kalm voor hul laksmanne, wat elk 'n geweer het wat vir hom gelaai is sommige met koeëls en ander met loskruit, sodat niemand weet wie die doodskote skiet nie.

Die skote klap en die manne sak ineen. Maar een bly lewe, aldus oorlewering, en Badenhorst skiet hom dood.

Tóé damp verbittering al op. En dit wil steeds nie sterf nie.

Dit lei daartoe dat ek en Albert Schmidt van Louwsburg, by wie ek eerste die storie gehoor het, saam met Gert van der Westhuizen die spoor vat na Koch se sterfhuis op Roodepoort; verby sy graf op Driefontein, waar 'n grafsteen later sou vertel: ``Onschuldig dood geschoten te Roodepoort op 22 Julie 1901 door L. Badenhorst en van zyne manschappen''.

En na Uitgezocht by Amersfoort, die plaas van Koch se agterkleinseun, mnr. Jan du Toit. Want die steen is intussen verwyder en lê nou hier in stukke.

Du Toit sê sy oupagrootjie was g'n verraaier nie, maar het beeste gehad wat Lourens Badenhorst kom vat het. 'n Onderonsie het ontstaan en sy oupagrootjie is doodgeskiet.

Die bitterheid in die een kamp word die duidelikste verwoord deur mnr. Jan Fick, 'n kleinseun van Frederick Koch. Oorlewering wil volgens hom hê dat Badenhorst se bynaam Wildehond was en Kieriekop dié van sy makker Stephanus van der Merwe wat albei, sê Fick, joiners/verraaiers was. Sy oupa was volgens hom siek en het om veiligheidsredes na Roodepoort gegaan.

``Dáár het hy stoetskape gehad wat deur Wildehond-hulle kom steel is. Hulle het eers my oupa geskiet, toe sy skape gesteel. Hulle het my oupa geskiet dat sy bloed op my ouma gespat het.''

Jan se jonger broer, mnr. Lourens Fick, sê Badenhorst het 'n dubbele rol gespeel deur hom as 'n eerbare Boerekryger voor te doen maar as vrybuiter vee te steel.

Ons besoek die familiekerkhof op Driefontein, waar Koch se seun Hendrik later herbegrawe is en sy

grafsteen ``gen. C. Botha en zyn officieren" die skuld gee vir sy dood. Hendrik het eers saam met die Britsbroers op Baltrasna gelê, met 'n grafsteen wat sê: ``Dood geschoten door de Boeren."

Hul grafsteen is deur 'n boom stukkend geval, maar die voetstuk bevat name waarvan ons drie onder die mos uitkrap voor die donker ons oorval: dié van die Britsbroers Ockert, Piet(er) en Cornelis, asook 'n vierde een wat lyk of dit Gerhardus (Gert) Brits kan wees.

Laasgenoemde naam hoort daar, maar wat maak dié van die jong Cornelis daar as hy nie saam met sy ouer broers doodgeskiet is nie?

Baltrasna word tans bewoon deur mnr. Ernst Storm. Hy sê sy oupa met dieselfde naam was op die plaas voor die krygshofsitting. Hy het gesien dit loop uit op 'n skietery en wou nie as lid van die vuurpeloton geloot word nie, want hy het saam met die gevangenes grootgeword. Hy het toe verlof gevra en gekry om na sy plaas Balmoral langsaan te gaan.

Dié bewering klop met wat mev. Rina Verwayen van Pretoria ('n nooi Gouws van die plaas Waschbank by Amersfoort) sê: dat haar oupa Andries (Pietman) Moolman hom om dieselfde rede na Balmoral onttrek het. Nie vreemd nie, want Moolman en Storm was swaers en het een plaas beboer.

Haar oupa het vertel dat Gert Brits by die Boere verkla is deur mense wat gesien het toe hy 'n jong burger doodskiet. Die man het glo gepleit: ``Oom Gert, moet my nie skiet nie!" Maar toe skiet Gert 'n rede waarom Badenhorst en sy manne hom later aangekeer het.

Badenhorst se seun, M.J.U. (Thys) Badenhorst, was in 1958 kandidaat van die Verenigde Party vir Wakkerstroom en is gehelp deur Ernst Storm (jr.), wat sê die praatjies teen sy man was: ``Jy kan nie vir Badenhorst stem nie, want hy is 'n moordenaar se seun." In 'n stemming waarin 93% van die kiesers gestem het, het hy met 2 402 stemme teen Herman E. Martins van die NP verloor.

Die 80-jarige mev. Mienie du Plooy van Amersfoort, kleindogter van Sannie Brits wat met Wessel Groenewald getroud was, antwoord skerp op die vraag of die Britsbroers joiners was: ``Beslis nie! My ouma sou dit nooit toegelaat het nie ek sal my kop op 'n blok lê. Sy het dan só swaargekry onder die Engelse! Die Britsbroers was besoekers op Roodepoort en is só gevang."

Die 80-jarige mnr. Koos van Niekerk, ook van Amersfoort, was bevriend met Jan Brits, 'n jonger broer van die veroordeeldes. Hy sê: ``Daar is nie haat oor die saak nie, maar as jy nou daarvan praat, sê afstammelinge van die joiners die Britsbroers is onskuldig geskiet."

Me. Marietjie Prinsloo het onlangs van Kempton Park na Amersfoort gekom en sê die skietdramas word nog sterk in die restaurant Centre Grill bespreek. ``Die boek (Van der Westhuizen s'n) het baie dinge oopgekrap en ek voel die Britsbroers het gekry wat hulle gesoek het. Maar wat my ontstel, is die man wat agter sy vrou weggekruip het."

* Gids tot die Anglo-Boereoorlog in die Oos-Transvaal, wat bestel kan word by die skrywers, Posbus 394, Volksrust 2470, of by (017) 735 1911 of 082 689 3954.

Dr. At van Wyk is 'n bekende geskiedkundige.